Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com





Natuurwetenskap – Graad 5

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Bestudeer die verskillende diergroepe hieronder:-

Soogdiere	**Voëls**	**Skaaldiere**	**Amfibieë**
Soogdiere voed hul kleintjies met melk. Omtrent almal gee geboorte aan lewende kleintjies eerder as om eiers te lê. Hulle het hare of pels. Die meeste is intelligent en nuuskierig. **Voorbeelde:-** leeu, rob, koei.	Voëls lê eiers en het vere. Hulle het vlerke in plaas van voorste ledemate. Die meeste kan vlieg. **Voorbeelde:-** papegaai, swael, uil.	Skaaldiere het 'n harde dop en bene met litte. Die meeste leef in water. **Voorbeelde:-** kreef, garnaal, krap.	Amfibieë het 'n gladde, klam vel. Die meeste leef in water en op land maar keer na die water terug om te teel. **Voorbeelde:-** padda, skurwepadda, water-salamander
Weekdiere	**Insekte**	**Reptiele**	**Visse**
Weekdiere het sagte liggame, en baie het 'n harde skulp. Party weekdiere, soos die seekat, het ledemate wat tentakels genoem word. **Voorbeelde:-** seekat, seeslak.	Insekte het 'n harde buitenste dop. Hulle liggame is in drie dele verdeel. Die meeste het vlerke en drie pare bene. **Voorbeelde:-** vlinder, kewer, mier.	Reptiele het droë, skubberige vel. Amper almal lê eiers. Die meeste leef in die warmer wêrelddele. **Voorbeelde:-** skilpad, soutwaterkrokodil, akkedis.	Visse leef in water en het 'n skubberige of leeragtige vel. Hulle verkry suurstof d.m.v. kiewe en kan nie oorleef buite water nie. Hulle het vinne in plaas van ledemate en die meeste lê eiers. **Voorbeelde:-** rog, kabeljou, sardien.



1. Tot watter groep diere hoort slange?
(a) soogdiere (b) weekdiere (c) skaaldiere (d) reptiele

2. Tot watter groep hoort mense?
(a) skaaldiere (b) weekdiere (c) soogdiere (d) reptiele

3. Watter een van hierdie voëls <u>kan nie</u> vlieg nie?
(a) papegaai (b) volstruis (c) swael (d) uil

4. Watter een van hierdie diere kom <u>natuurlik</u> <u>slegs</u> in Afrika voor?
(a) wolf (b) sebra (c) mossie (d) olifant

5. Wat vereenselwig jy met 'n buideldier?
(a) stadige beweging (b) drie tone (c) spronge (d) buidel

6. Watter een van die volgende tipes diere sal jy oor die hele wêreld aantref?
(a) renoster (b) wasbeer (c) hond (d) leeu

7. Watter een van die volgende is 'n vis?
(a) stervis (b) dolfyn (c) walvis (d) snoek

8. Hoeveel van die diere in die inligtingstuk leef in die see?
(a) 7 (b) 8 (c) 9 (d) 10

9. Watter een van hierdie is <u>nie</u> 'n insek nie?
(a) mot (b) termiet (c) akkedis (d) sprinkaan